**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak nommer. : A20/2012

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **A J CLAASSEN** | Eerste Appellant |
| **P W CLAASSEN** | Tweede Appellant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* SNELLENBURG, WND R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, WND RP

---

**AANGEHOOR OP:** 4 JUNIE 2012

---

**GELEWER OP:** 7 JUNIE 2012

---

[1] Die appellante is ondanks hulle pleit van onskuldig skuldig bevind aan aanranding en gevonnis tot 5 maande gevangenisstraf, welke vonnis opgeskort is vir 'n tydperk van 5 jaar op voorwaarde dat hulle nie weer skuldig bevind word aan aanranding, of aanranding gepleeg gedurende die opskortingstydperk nie. Appellante is ook beveel om die klaer te vergoed vir sy bril wat vervang moes word en om 'n program te voltooi vir beheer van aggressie. Beide appellante is onbevoeg verklaar om vuurwapens te besit.

[2] Nadat die Verhoorlanddros verlof tot appèl geweier het, het die appellante 'n aansoek gerig om te petisioneer. Eerste appellant het verlof gekry om te appelleer teen haar skuldigbevind en vonnis, terwyl die tweede appellant slegs verlof gekry het ten aansien van sy vonnis.

[3] Die staatsaak is gebasseer op die enkelgetuienis van die klaer Mnr Robert Lotz, die bestuurder by die Erfenisdam Natuurreservaat. Hy het getuig dat hy die afgelope 15 jaar aldaar werksaam is en dat op 7 Februarie 2010 hy wakker geword het as gevolg van die honde se geblaf. Hy het opgestaan en by die voordeur het hy twee jong manne gewaar wat hom meegedeel het dat hulle wil uitgaan en dat die hek gesluit was. Klaer het hulle meegedeel dat die hek 9 uur sluit en indien hulle wil uitgaan hulle oornagfooie sou moes betaal aangesien dit die reëls was. Klaer het toe agter hulle aangery na die hek waar hy nog voertuie aangetref het. Hy het uitgeklim met sy notaboekie waarin hy gewoonlik die voertuie se registrasienommers neergeskrywe sodat daar bewys is vir die hekwag.

[4] Daar het 'n paar mense aan sy linkerkant gestaan by die

voertuie, waarna die ouer persoon met die snor na hom toe gekom het en vir hom gesê het hy moet die hek vir hulle oopmaak. Hy het aan hulle probeer verduidelik dat dit nie so werk nie aangesien hulle na 9nm nog steeds binne is en dat hulle oornagfooie moet betaal anders kan hy nie die hek oopmaak nie. Die persoon het sy humeur begin verloor en aan klaer geruk en gepluk. Intussen het sy vrou ook nader gekom en sy heeltyd op klaer geskree en gevloek. Aangesien hy besef het dat dit nie sal help om met hulle te redeneer nie, het hy hulle meegedeel dat hy die polisie sal ontbied om die probleem uit te sorteer. Hierop het hy omgedraai en terugbeweeg na sy voertuig toe waarop die man vir getuie van agteraf gegryp het en hom op sy kop en op die nek geslaan het. Terwyl hy daarmee besig was het die vrou verby gehardloop na die bakkie toe en het die sleutels uit klaer se bakkie getrek. Hy het haar hand gegryp om haar te probeer keer om die bakkie-sleutels te neem waarna die man hom van agteraf aan die kraag teruggeruk het.

[5] Klaer getuig dat hy gesien het dat hy homself sal moet verdedig en het hy ‘n hou na die man geslaan waarna die

vrou op hom afgestorm het en het getuie ook ‘n hou na haar geslaan. Hierop het iemand sy hande van agteraf vasgegryp en daarna het die man hom twee houe in die gesig geslaan en die vrou het hom ook een hou geslaan. Klaer het haar gevra om sy sleutels aan hom terug te besorg waarop sy geweier het en gesê het hy moet die hekke oopmaak. Hierna het die klaer teruggeloop na sy huis toe wat sowat 1km van die hek af is. By die huis aangekom het hy die polisie gebel, daarna sy bakkie se spaarsleutels geneem en teruggeloop na die hek toe. Op ‘n stadium het hy sy voertuig se sirene gehoor afgaan en toe hy terug is by die hek het die hek oopgestaan en al die voertuie het reeds weggery.

[6] Klaer getuig dat die man met die snor die tweede appellant is terwyl die vrou die eerste appellant was. Volgens hom was tweede appellant redelik aggressief gewees, hy het onmiddellik vir klaer gesê hy moet die hek oopmaak anders is daar moeilikheid en het hy onmiddellik aan klaer se kleure begin ruk en pluk. Die vrou, eerste appellant, het heeltyd op hom geskree en ook op hom gevloek.

[7] Hy getuig dat terwyl hy vasgehou is het tweede appellant hom twee houe in sy gesig geslaan en het eerste appellant hom een keer in die gesig geslaan, aan die kant van sy gesig. In die proses het hy 'n sny op sy lip gehad wat oopgesny was en sy oog en wang was gekneus gewees, sy bril was van sy gesig afgeslaan en kon hy nie sy bril kry nie. Hy het sy dokter gebel wat uitgekom het en die moes steke in sy lip insit. Verder het hy ook kneusplekke agter op sy kop gehad asook twee groot knoppe. Tydens die verhoor het hy herstel van sy beserings behalwe dat daar op die lip nog 'n knop binne-in was.

[8] Wat die skuldigbevinding van die eerste appellant betref, het Mnr Oberholzer betoog dat die klaer nie die toets van 'n enkelgetuie geslaag het nie, as gevolg van teenstrydighede in sy weergawe. In hierdie verband het hy daarop gesteun dat die klaer homself weerspreek het deur te getuig dat eerste appellant hom geslaan het, terwyl dit blyk dat hy net 'n afleiding in hierdie verband gemaak het. Dit is egter nie noodwendig 'n weerspreking nie want die klaer getuig dat die eerste appellant op hom afgestorm het waarna hy 'n hou gevoel het. Die afleiding is dus onafwendbaar dat die

eerste appellant inderwaarheid geweld ten opsigte van die klaer toegepas het. As die klaer 'n oneerlike getuie was wat sy saak wou versterk, sou 'n mens verwag het dat hy sou getuig het dat hy gesien het hoe die eerste appellant hom geslaan het.

[9] Mnr Pienaar het namens die respondent betoog dat dit duidelik is dat die Landdros deurgaans die versigtigheidsreël in gedagte gehou het. Ook is dit van belang om daarop te let dat daar verskeie aspekte was ten opsigte waarvan die klaer nie 'n enkelgetuie was nie. Die korrekte benadering is om ook die getuienis in die totaliteit te beoordeel:

> "The proper approach in a criminal case is to consider the totality of the evidence, that is to say, to examine the nature of the State case, the nature of the defence case, the probabilities emerging from the case as a whole, the credibility of all the witnesses in the case including the defence witnesses, and then to ask oneself at the end of all this whether the guilt of an accused has been established beyond reasonable doubt." (Leon, J in **S v MATTIODA** 1973 (1) PH H 24 (N);).

[10] Die waarskynlikhede is na my mening oorweldigend in die guns van die klaer se weergawe. Hoekom sou hy, soos wat hy inderwaarheid getuig het, opgestaan het om hulle te gaan help, en dan eerste begin slaan aan die eerste en tweede appellante, wie se geselskap bestaan het uit 'n oormag van ses tot sewe mense?

[11] Daarteenoor bevat die weergawe van die appellante inherente onwaarskynlikhede, weersprekings en was dit onbevredigend in verskeie opsigte. Hulle verweer van noodweer en noodtoestand is dus nie houdbaar nie.

[12] Indien die getuienis in die totaliteit beoordeel word, blyk dit duidelik dat die eerste appellant 'n belangrike rol gespeel het tydens hierdie onderonsie. Volgens die tweede appellant was sy dan ook die persoon wat die meeste gepraat het. In die omstandighede is dit dus duidelik dat die twee appellante saam opgetree het, dat afgesien van die hou wat die eerste appellant die klaer toegedien het, sy haar onteenseglik vereenselwig het met die optrede van die tweede appellant, wat die klaer twee houe geslaan het.

[13] In die omstandighede is ek tevrede dat die staat sy saak bo redelike twyfel bewys het en dat die Landdros se bevinding dus die korrekte een was.

[14] Wat vonnis betref, is die appellante elk 5 maande gevangenisstraf opgelê, sonder om dit te koppel aan die keuse van ‘n boete-betaling, alhoewel die vonnis in die geheel opgeskort is. Die vraag ontstaan of artikel 103 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, no. 60 van 2000, wat handel met “*Verklaring deur hof van persoon as onbevoeg om vuurwapen te besit,”* Dit lui onder andere soos volg:

*“(1) Tensy die hof anders bepaal, word ‘n persoon onbevoeg om ‘n vuurwapen te besit indien skuldig bevind aan –*

*....*

*(g) enige misdryf waarby geweld, seksuele mishandeling of oneerlikheid betrokke is en waarvoor die beskuldigde gevonnis is tot ‘n tydperk gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete.”*

[15] Dit volg dus dat die appellante 'n vonnis opgelê is sonder die keuse van 'n boete, met die gevolg dat artikel 103(1)(g) van gemelde Wet van toepassing is. Die resultaat hiervan is dat die appellante outomaties onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit tensy die hof anders bepaal, wat in teenstelling is met die bepalings van artikel 103(2), alwaar die onbevoegdheid eers intree nadat die hof aldus gelas het.

[16] Ondanks die laakbare optrede van die appellante, is dit egter nie van so aard dat hulle 'n vonnis van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete opgelê behoort te word nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die klaer tydens die verhoor, wat plaasgevind het twee tot drie maande na die voorval, heeltemal van sy beserings herstel het. Die effek van die gewysigde vonnis is dat artikel 103(1) van gemelde Wet nie van toepassing is nie en bestaan daar nie gegronde redes waarom die appellante onbevoeg verklaar moet word om 'n vuurwapen te besit nie, veral in die lig van die feit dat hulle 'n winkel besit en bedryf en dat appellante aldaar by twee geleenthede beroof was.

[17] Verder blyk dit ook dat alhoewel 'n vuurwapen binne bereik van die tweede appellant was, hy geensins gepoog het om daarvan tydens die voorval gebruik te maak nie. Die gedeelte van hulle vonnis dat hulle onbevoeg verklaar word om vuurwapens te besit, moet dus ook geskrap word. Ek is egter van mening dat die vergoedingsbevel wat die Landdros uitgereik het, asook om 'n program te voltooi vir beheer van aggressie geregverdig is. Laasgenoemde program moet onverwyld aangepak en spoedig afgehandel word.

[18] Bygevolg word die volgende bevele gemaak:

(a) Die eerste appellant se appèl ten opsigte van skuldigbevinding misluk en word die skuldigbevinding bekragtig.

(b) Beide appellante se appèlle ten opsigte van vonnis slaag tot die volgende mate:

1. Die oplegging van slegs gevangenisstraf word geskrap en vervang met 'n boete van R1000,00 of 5 maande gevangenisstraf.

2. Die Landdros se bevel dat die appellante

onbevoeg is om vuurwapens te besit, word tersyde gestel.

3. Origens word die vonnis bekragtig wat insluit die opskorting van die vonnis in die geheel asook die voorwaardes wat daaraan gekoppel is.

**S. P. B. HANCKE, WND RP**

Ek stem saam.

**N. SNELLENBURG, AJ**

Namens die appellante: Adv. C. B. Oberholzer
In opdrag van:
Bezuidenhouts Ing.
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. F. J. Pienaar
In opdrag van:
Die Kantoor van die Direkteur:
Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/eb